

18 April 2021

# Hoërskool Kategese

## Lukas 24:36-48



### wat wil jy vandag bereik?

Paasnaweek is pas verby. Die kruisiging en opstanding van Jesus neem 'n sentrale plek in ons geloof.

Hierdie week se teks help ons om saam met Jesus se dissipels tot verhaal te kom.

Niemand het verwag dat Jesus sou sterf nie, daarom was Sy opstanding so 'n groot verrassing.

Ons is al 'gewoond' aan die idee, maar die dissipels was in skok, kyk of julle dit deur hulle oë en ore kan ervaar.

**Ter wille van gemeentes  
wat gewoon is aan die ritme  
van Kontak-kategese,  
plaas ons in hakies  
hoe dit in daardie raamwerk inpas.**

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

### ons storie: ysbreker (hier en nou)

Soms sê mense: ek kon my oë nie glo nie.

Jy moes dit self gesien het.

OF

Sien is glo.

Praat jy of julle ook so?

Wat bedoel ons daarmee?

Hoekom is dit so belangrik dat ons iets met ons eie oë wil sien?

### word stil

**Psalm 4 is hiedie week se stilword teks.**

**Vra iemand in die groep om dit vir julle te lees.  
Word eers saam stil, maak julle oë toe en luister  
saam na die Psalm.**

### GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

### lees Lukas 24:36-48 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



## gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.  
Of enige vrae wat jy nou het.

Toe Jesus opdaag tussen die dissipels het hulle geskrik en selfs bang geword. Wat dink jy van hulle reaksie?

Een van die redes waarom hulle so optree is omdat hulle oortuig was van die feit dat Hy dood is.

As iemand wat dood is aan jou verskyn sien jy seker 'n spook of gees.

Hoe help Jesus sy vriende om te sien dat dit regtig Hy is?

Dit was seker 'n intense ervaring. Dit lyk of hulle oorweldig is, daarom doen Jesus nog meer om seker te maak hulle weet dit is regtig Hy. (vers 41-43)

Eers toe hulle rustig saam eet verduidelik Jesus verder.

Wat is vir jou die belangrikste van die *opdragte* wat Jesus vir hulle gee?

Jesus het hulle gekies om getuies te wees. Mense wat met hulle eie oë gesien het.

Besef jy/ julle dat ons vandag gelowiges is oor hulle getuienis? Hulle wat met hulle eie oë gesien het, het dit vertel, omdat hulle dit vertel het glo ons dit ook vandag.

Wie of wat is dit wat is die gawe wat Jesus belowe hulle sal ontvang?

## ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef  
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

As Jesus vandag aan jou verskyn, wat sal jy vir Hom wou vra?

As Jesus vandag aan jou verskyn, wat dink jy sal Hy vir jou vra?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom  
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?  
Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

**Onthou julle nog die ABC van gebed?**

**A**anbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

**B**elydenis

"Here, vergewe my vir..."

**V**oorbidding

"Ek bid vandag vir..."

**D**anksegging

"Dankie, vir..."

**E**ie behoeftes en toewyding

